

Tema: Kan jou geloof die wêreld wen?

Skriflesing: 1 Johannes 5: 1 - 5

Johannes skryf hierdie brief, omdat daar mense in die omtrek was wat valse gerugte versprei het. Mense wat nie die volle waarheid ken nie of nie die waarheid wil glo nie. Die Johannes-brief in die breë gaan daarvoor om die gemeenskap te oortuig dat Jesus Christus wel Seun van God was, dat Hy self ten volle God was en ook ten volle mens was. Daarmee saam maak Johannes ook erns met die feit dat geloof in Christus kardinaal is vir die lewe en ook so vir 'n lewe van liefde.

Christus se identiteit was bevraagteken. 'n Groep mense binne die gemeenskap het begin twyfel oor wie hierdie Jesus-man nou regtig is. Dink bietjie daarvoor hoe jy sal voel as jy vir jou vriende vertel van die wonderlike persoon wat jy ontmoet het en hulle glo jou nie. Hulle glo jou nie dat jy die persoon ontmoet het wat jy beskryf nie. Jou vriende begin jou woorde te bevraagteken. Hulle vra jou allerhande vragies oor wie hierdie persoon nou regtig is sodat hulle self kan gaan Facebook wie hierdie persoon regtig is, eerder as om jou op jou woord te vat.

Net so het Johannes se mense het Christus se bestaan bevraagteken. Hulle het gewonder of Hy net 'n mens of soos 'n spook op aarde was met ander woorde dat Hy eintlik net 'n geestelike wese was. Ander mense het weer gesê dat Hy eers God geword het toe Hy gedoop is en toe Hy aan die kruis gesterf het nie meer God was nie. In hierdie kort gedeelte word uitdruklik gepraat van God die Vader, Jesus die Seun van God en van die Gees.

Ook wat party Sondae heeltemal verby sommige van ons gaan is ons belydenisskrifte... Deesdae, om iemand se aandag te kry, is om die woord "Belhar" te sê, daarvoor het almal 'n opinie. 'n Ander belangrike belydenis skrif wat uitdruklik oor Jesus se identiteit praat, is die Apostoliese Geloofsbelydenis, wat ons sopas hardop bely het. Ses van die twaalf artikels van Die Geloofsbelydenis word gewy aan wie Jesus is. Dit wil vir ons sê dat wie Jesus is nogal belangrik is. Ons moet weet wie Hy is.

Ons glo in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is
en ter helle neergedaal het;
wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;

wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader van waar hy sal kom om te oordeel, die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.

Ons glo in Jesus wat ons Here is, wat mens geword het, wat gekruisig is, wat opgestaan het uit die dood en opgevaar het na die hemel.

Jesus wat die dood oorwin het. Jesus wat ten volle mens was en ten volle God was.

Wanneer ons as kerk vanuit ons belydenisse sê dat Jesus as Christus, "Verlosser", die dood oorwin het, die wêreld oorwin het, beteken dit dat ons as die kerk moet wys hoe en waar dit gebeur, omdat ons glo en bely hoe en waar dit reeds gebeur het. Dit wat ons glo, oorwin die wêreld. Om te glo, is 'n manier van bestaan, of nog beter, 'n manier van lewe! Nou is die vraag: kan ons geloof die wêreld oorwin? Kan jou geloof die wêreld wen?

Wanneer jou vriende jou nie wil glo oor 'n spesifieke persoon wat jy ontmoet het nie, dan sal dit waarskynlik slim wees om vir jou vriende te wys watter invloed hierdie persoon op jou lewe het. Jy kan nie aangaan om dieselfde te lewe as jy iemand nuuts ontmoet het nie; die persoon verander hoe jy na die lewe kyk. Niemand, nie een van ons, wat sê dat ons in Jesus Christus glo, kan aangaan om in die sonde te lewe nie. Wie in Jesus glo, is dood vir die sonde. Wie Jesus ontmoet het, kan nie steeds aangaan soos hy aangegaan het nie. Anders gaan mense jou nie glo oor wie hierdie Jesus-persoon is nie. Omdat jou geloof jou 'n nuwe persoon laat ontmoet het, moet jy vanuit jou geloof die wêreld anders hanteer. Jy moet vanuit geloof anders leef in die wêreld. Jy moet vanuit geloof die wêreld verander. Nou hoe doen jy dit? Hoe lewe jy anders? Jy het vir Jesus ontmoet en jy wil nou hê jou vriende moet jou glo oor hierdie Jesus-persoon wat jou lewe heeltemal verander het en wat jou lewe nuut maak het. Hoe moet jy lewe?

'n Besondere kenmerk van die nuwe lewe is die onlosmaakbare koppeling van liefde en gehoorsaamheid. Wie Jesus lief het, onderhou Sy gebooië. Sonder liefde in 'n verhouding is die geringste versoek 'n irritasie of las. Die nuwe lewe word gekenmerk deur 'n lewe van liefde. Nie deur liefde vir jouself en al die gemaklike dinge by jou huis nie. Nee, liefde, soos God se gebooië ons leer, liefde vir God en liefde vir ons naaste. Liefde is juis iets wat na buite gerig is. Liefde is nie iets wat binne kan bly nie. As jy lief het, wil jy dit deel. Liefde kan nie stilbly nie. Liefde kan nie stilsit nie. Liefde het oop arms. Liefde het oop hande. Liefde het oop monde. Liefde het oop ore. Liefde het oop oë. As jy werklik hierdie Jesus-persoon ontmoet het, is dit jou opdrag om Sy liefde te deel. Jy mag dit nie vir jouself hou nie. As jy werklik lief het, sal jy dit nie vir jouself kan hou nie.

Omdat ons Jesus ken en omdat ons Jesus ontmoet het, is dit ons opdrag om Hom aan ander mense te gaan bekend maak, sodat hulle ook kan glo dat Jesus bestaan. Sodat hulle ook kan deel in die wonderlike liefde wat Hy met ons elkeen kom deel het. Sodat, deur die getuienis van ons wat Jesus ontmoet het, ons die wêreld kan oorwin, omdat Christus reeds die dood oorwin het.

Die vraag: kan jou geloof die wêreld wen?

Die antwoord: met jou lewe in, deur en van liefde, kan jy saam met Jesus die wêreld wen!